# INDIENSNEMINGBELASTINGAANSPORING (“EMPLOYMENT TAX INCENTIVE” OF ETI)

## Waarom is daar ‘n ETI?

Miljoene jong Suid-Afrikaners het nie die geleentheid om aan ekonomiese aktiwiteite deel te neem nie en ly gevolglik, buite verhouding, aan werkloosheid, moedeloosheid en ekonomiese marginalisering. Hoë jeug werkloosheid beteken dat jong mense nie die nodige vaardighede of ondervinding opdoen om die ekonomie vorentoe te dryf nie. So ‘n gebrek aan vaardighede kan nadelige gevolge vir die ekonomie op langtermyn inhou.

Die huidige gebrek aan vaardighede en ondervinding in Suid-Afrika, sowel as die opvattings oor die inperkings van arbeidsregulasies, maak sommige potensiële werkgewers huiwerig om jeugdiges indiens te neem. As ‘n Suid-Afrikaanse werkgewer het jy nou ‘n goeie geleentheid om die indiensneming van jong werksoekers ‘n hupstoot te gee.

## Wat is dit?

Die ETI is ‘n aansporing wat daarop gemik is om werkgewers aan te moedig om jong werksoekers indiens te neem. Dit is vanaf 1 Januarie 2014 in werking gestel.

## Wat is die voordele vir werkgewers?

Die voordele van die ETI is:

- Dit sal die werkgewer se koste verminder met betrekking tot die indiensneming van jong mense, deur ‘n meganisme waar kostes met die regering gedeel word, deurdat jy die werknemersbelasting (LBS) wat jy oorbetaal kan verminder terwyl die werknemer se vergoeding onveranderd bly.
    - Byvoorbeeld, werkgewers wat vir LBS geregistreer is en wat ‘n persoon vir die volle maand van Februarie 2014 indiens neem en R2000 verdien, sal R1000 minder op maandelikse LBS-aanspreeklikheid hoef te betaal (solank die werknemer ‘n kwalifiserende werknemer is volgens alle ander vereistes). Vir meer inligting oor hoe die ETI werk, klik hier.
- Werkgewers sal die aansporing vir ‘n tydperk van 24 maande kan eis vir alle werknemers wat kwalifiseer. Klik hier vir meer inligting.
- Die aansporingbedrag verskil, gebaseer op die salaris wat aan elke kwalifiserende werknemer betaal word en afhangende of die kwalifiserende werknemer gedurende die eerste 12 maande of die laaste 12 maande van die aansporingsprogram in diens was. Klik hier vir meer inligting.
- Hierdie aansporing sal bestaande regeringsprogramme, met soortgelyke doelwitte, komplimenteer bv. leerlingskapooreenkomste.
- Die doel van die ETI is om verhoogde indiensneming van jong werksoekers te fasiliteer.

## Wie kwalifiseer?

- Die werkgewer kom in aanmerking om die ETI te eis, solank die werkgewer:
    - Geregistreer is vir werknemersbelasting (LBS) of in aanmerking kom om vir LBS te registreer (m.a.w. die werkgewer kan nie slegs vir ETI-eise registreer nie – ander registrasie vereistes moet nagekom word)
    - Nie in die nasionale, provinsiale of plaaslike regeringsveld is nie
    - Nie ‘n publieke entiteit is, soos gelys in Skedule 2 of 3 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (uitgesluit publieke entiteite deur die Minister van Finansies aangewys by wyse van Kennisgewing in die Staatskoerant).
    - Nie ‘n munisipale entiteit is nie
    - Nie deur die Minister van Finansies gediskwalifiseer is, as gevolg van die vervanging van ‘n werknemer of deur nie aan voorwaardes te voldoen wat die Minister by wyse van regulasie mag voorgeskryf het nie.

**Top Wenk**: Om te bepaal of jy ‘n kwalifiserende werkgewer is klik hier.

## Hoe bepaal jy wie ‘n kwalifiserende werknemer is?

**Top Wenk**: Daar is geen limiet op die aantal kwalifiserende werknemers wat ‘n werkgewer indiens kan neem nie.

‘n Individu is ‘n kwalifiserende werknemer indien hy of sy:

- ‘n Geldige Suid-Afrikaanse ID het, ‘n asielversoekerspermit of ‘n ID het wat in terme van die Wet op Vlugtelinge uitgereik is.
- The following SEZs have been designated by the Minister of Finance with **effect from 1 August 2018**: 18 tot 29 jaar oud is (let asseblief daarop dat die ouderdombeperking nie van toepassing is indien die werknemer **dienste hoofsaaklik binne** ‘n spesiale ekonomiese sone (SEZ) lewer aan ‘n werkgewer wat binne die SEZ handeldryf. Die volgende SEZ’s is deur die Minister van Finansies aangedui **met intreding 1 Augustus 2018:**

| Code | Description |
|---|---|
| COE | COEGA SEZ |
| DTP | DUBE TRADE PORT SEZ |
| EAL | EAST LONDON SEZ |
| MAP | MALUTI-A-PHOFUNG SEZ |
| SLB | SALDANHA BAY SEZ |
| RIB | RICHARDS BAY SEZ |

  - Let asseblief daarop dat hierdie geopende ouderdomsbeperking nog nie geaktiveer is vir enige bepaalde industrie wat deur die Minister van Finansies aangewys is nie.

- Nie ‘n huishulp is nie
- Nie ‘n “verbonde persoon” aan die werkgewer is nie
- By die werkgewer indiens was of ‘n geassosieerde persoon aan die werkgewer was op of na 1 Oktober 2013, en
- Die minimum vergoeding betaal word, soos van toepassing op hierdie werkgewer, of waar ‘n minimum vergoeding nie van toepassing is nie, mintens R2 000 (waar die kwalifiserende werknemer vir 160 ure in ‘n maand indiens was) en nie meer as R6 000 verdien.

**Belangrik**: Die waarde van die ETI wat die werkgewer mag eis, hang van die waarde van die maandelikse vergoeding af wat aan die kwalifiserende werknemer betaal word. As die werknemer minder as 160 ure in ‘n maand gewerk het, moet die vergoeding ‘opgebruto’ word na 160 ure per maand om die waarde van die ETI te bereken. Die bedrag kan dan bereken word en ‘afgebruto’ word in dieselfde verhouding. Vind meer inligting hier.

## Sal boetes van toepassing wees?

Ja, boetes sal van toepassing wees wanneer:

- ‘n Werkgewer die ETI vir ‘n werknemer eis wat kwalifiseer en minder as die minimum vergoeding (of minder as R2 000 waar ‘n minimum vergoeding nie van toepassing is nie) verdien. ‘n Boete gelykstaande aan 100% van die ETI vir daardie werknemer geëis, sal gehef word. Dit sal lei tot ‘n onderbetaling van werknemersbelasting en moontlike rente en boetes in terme van die Wet op Belastingadministrasie.
- ‘n Werkgewer waarskynlik ‘n werknemer verplaas het met die doel om ‘n kwalifiserende werknemer in diens te neem. ‘n Boete van R30 000 sal gehef word vir elke verplaasde werknemer.

## Hoe lank sal dit beskikbaar wees?

Die aansporing is tans geskeduleer om op 31 Desember 2016 tot ‘n einde te kom, maar die effektiwiteit daarvan sal hersien word om te bepaal of dit moet voortgesit word.

‘n Werkgewer kan die aansporing vir ‘n tydperk van 24 maande eis vir alle werknemers wat kwalifiseer.

## Benodig jy hulp?

Skakel die SARS-kontaksentrum op 0800 00 SARS (7277), of besoek jou naaste SARS-tak.

**Top Wenk**: Formules is soms moeilik om te verstaan en daarom het ons stap-vir-stap voorbeelde vir ETI. Klik hier daarvoor.